

Sondag 1 Junie

Skrifgedeelte: Genesis 39:1-23

Fokusgedeelte: Genesis 39:21 (AFR53/83/2020)

Ons ondervind die HERE se troue liefde selfs in die slegste omstandighede

Josef het swaar in die lewe geken. Hy word as slaaf aan Potifar in Egipte verkoop. As slaaf was sy situasie hopeloos, en tog het dit baie goed met hom gegaan, want die HERE was by Josef. Die HERE het alles wat hy aangepak het, laat slaag. Die HERE se belofte aan sy oupagrootjie Abraham in Genesis 12, dat hy en sy nageslag tot 'n seën sal wees, word hier bevestig. Die HERE het die huis van die Egiptenaar oor Josef geseën (vs 5).

Dit is so troosvoel vir ons om te weet, want ons is ook soms in slegte situasies. Die HERE is by ons in alle omstandighede. Hy kan die slegte situasie ten goede gebruik en ons tot 'n seën maak.

Dan tref die tweede terugslag Josef. Hy beland in die tronk. Ook daar in die tronk is die HERE by Josef. Vers 21 sê dat die HERE Josef sy troue liefde laat ondervind het. Die woorde “troue liefde” en die woord “goedertierenheid” (AFR53) is verbondswoorde. Die HERE as Verbondsgod bewys trou en liefde teenoor sy verbondskinders, al gebeur daar slegte dinge met hulle. Hy wys ook dat Hy in beheer is. Dit is nie sonder rede dat Josef in Egipte beland en later in die tronk nie. Hy verklaar die farao se drome en word as onderkoning aangestel. Hy tref voorsorg vir die hongersnood en kan kos en huisvesting voorsien vir sy broers wat uit Kanaän kom. So bewaar die HERE hulle, want die Messias moet uit hulle gebore word.

Met die Messias se koms word die troue liefde van die HERE duidelik sigbaar. Hy is Immanuel – God by ons, wanneer Hy mens word. Hy bevry ons van ons doodsbestaan en maak ons sy verbondskinders deur vir ons sondes aan die kruis te sterf. Hy is deur die Heilige Gees in alle omstandighede by ons.

Sing: Psalm 105-1:5

Ds. AL (Abri) Pelser (Bethlehem)